

8 Oktober

Matteus 14:13-21

Wat doen jy met die broodjie in jou hande?

Watter talent kan ek tog hê om in die diens van die Here te gebruik? Ek kan nie voor mense optree nie. "Ek is te jonk!" sê een.

"Ek is ver te oud" sê 'n ander.

"Ek het net 'n sondige verlede om mense van te vertel".

Die dissipels het ook probleme gehad toe Jesus vir hulle sê: "Gee julle vir die mense iets om te eet". Jy moet immers realisties wees oor jou gebreke, leer bestuurskundiges ons.

Hulle het net vyf broodjies en twee vissies gehad, 'n Gebrek as daar al ooit een was! Dit lyk egter of Jesus nie die probleem raaksien as Hy na die skare kyk nie. Wat ons wel agterkom is dat Hy innig jammer was vir die mense.

Jesus wil barmhartigheid bewys teenoor die duisende mense om hom. Een ding is egter opmerklik as Hy tot die daad oorgaan: Hy neem nie die werk daaraan verbonde uit die onsekere dissipels se hande nie. Hulle moes self die skamele paar vissies en broodjies uitdeel. Bowe-al moes hulle glo die Here weet wat Hy doen as Hy hulle stuur om die mense te versorg.

En so, terwyl die dissipels gehoorsaam doen wat van hulle verwag word, selfs al verstaan hulle nie alles nie, word die kos in hulle hande meer. Die wonder gebeur reg voor hulle oë!

Jesus was besorg oor honger mense. Ons moet ook 'n hart hê vir 'n wêreld vol pyn, hongersnood en sonde. Intussen moet ons ook weet dat die Here ons hande gevul het met die Brood van die ewige lewe.

Verwag wonderwerke as jy jou gawe tot eer van die Here inspan. Jou talentjie is glad nie so klein soos wat jy dink nie.

Ds. K.A.J. van Rensburg (Kaapstad)